**Van der Walt, B J 1999. – Visie op die werklikheid: Die bevrydende krag van 'n Christelike lewensbeskouing en filosofie.**

Potchefstroom Instituut vir Reformatoriese Studie (Nr 48), PU vir CHO. 612 bladsye. Prys: onvermeld

**Resensent: Dr Johann Beukes**

Hierdie lywige publikasie verteenwoordig 'n versameling van B J van der Walt se lesings en voordragte in die "Reformatoriese filosofie" en "Christelike wetenskapsleer" oor 'n tydperk van 25 jaar heen. As sodanig kry die leser hiermee nie net 'n voëlvlug oor Van der Walt se denke en werksaamhede nie, maar voorsien die publikasie 'n mens ook van 'n uiteensetting en toepassing van die soort filosofie wat as gangbaar geag kan word by die Potchefstroomse Universiteit. Die publikasie is netjies uitgegee en skep by die eerste oogopslag die indruk van 'n imposante werk in teologie of filosofie, of albei.

Die publikasie kan egter glad nie beskou word as 'n wetenskaplike werk nie. Die publikasie aspireer volgens die skrywer self trouens nie om enigsins iets meer te bied as 'n inleidingswerk in die soort filosofie en wetenskapsleer wat aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vaardig is nie (kyk pp vi-vii; ix). Dit sou daarom onbillik wees om die werk te resenseer aan die hand van die soort kriteria wat geld by die resensering van 'n wetenskaplike teks. So ontbreek bronneverwysings feitlik geheel en al en is daar geen literatuurlys aan die einde van die werk geplaas nie. Daarom sou die soort veralgemenings wat strykdeur in die boek voorkom (vgl bv p 59, met verwysing na die "ses belangrikste komponente van 'n lewensvisie"), die onverantwoorde ideologiese voorkeure (vgl bv p 261 met betrekking tot die aansprake van 'n "Christelik-Reformatoriese filosofie"), die pedantiese styl en gepaardgaande "pastorale" benadering tot die sosiale werklikheid (vgl bv p 443ev met betrekking tot die gesinslewe) ook nie werklik as só hinderlik beskou kon word dat die leser nie vordering kan maak met die lees van die werk nie. Die publikasie se aansprake bly deurgaans beskeie. Dit is waarskynlik, met betrekking tot 'n resepsie daarvan buite die onmiddellikheid van voorgraadse onderrig, ook die publikasie se redding. Sou die boek aanspraak gemaak het op 'n bydrae van wetenskaplike of deurtastende filosofiese aard, sou die saak (en hierdie resensie) natuurlik heeltemal anders daar uitgesien het.

Die publikasie verken uiteenlopende temas, wat wissel van 'n kursoriese (en selektiewe) oorsig van die geskiedenis van die Christendom, die geskiedenis van kolonialisme in Afrika, 'n uitvoerige uiteensetting van 'n "Reformatoriese lewensvisie", 'n "Skrifmatige ontologie", die plek van filosofie in die relasie daarvan met teologie, en so meer. Relatief komplekse temas word toeganklik en verstaanbaar by die leser tuisgebring: dit is waarskynlik ook die grootse winspunt van die werk.

Die publikasie het egter 'n beperkte adres. Dit is naamlik pertinent geskryf vir voorgraadse studente aan die PU vir CHO, hoewel dit waarskynlik ook vir voorgraadse studente by Bloemfontein voorgeskryf sou kon word. Dit sou moontlik ook nog as 'n aanvullende teks by senior kategeseklasse in die Gereformeerde Kerke gebruik kon word. Maar ek is bevrees dat die publikasie nie op my aanbeveling wyer ontvang sou kon word nie. Die (myns insiens) uiters problematiese aansprake van die "Christelike wetenskapsleer" is daarvoor net té deeglik in elke sin en paragraaf ingeskryf: en, soos meester Foucault geleer het, niks is juis so ideologies as dit wat pretendeer om nie ideologies te wees nie.

*B J van der Walt is sedert 1974 Direkteur van die Instituut vir Reformatoriese Studie aan die PU vir CHO. Sedert 1980 is hy professor in filosofie aan dieselfde Universiteit. Hy het emeritaat in 1999 ontvang.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services